ENGEL NOTAS #1

deur Jimi le Roux

Eienskappe van engele

In hierdie deel sal ons kyk na wie en wat die engele van God is.

The Angel of Deliverance
(Howard David Johnson)

Onderstreep of merk die teksverse oor engele in hierdie deel in jou Bybel.

1.1 Inleiding

Die **bestaan van engele is 'n basiese Bybelse uitgangspunt**. In baie Bybelse verhale speel engele 'n rol. Die woord "engel" kom meer as 320 keer in die Bybel voor. Dink aan die engele by Abraham, Jakob, Moses, Gideon, Dawid, Daniël, Jesus en die apostels. Tot vandag beleef mense ervarings met engele.

1.2 Wat is 'n engel?

Die woord "engel" (in Grieks *angelos* – αγγελος; in Hebreeus *malak* – מלאך) beteken "boodskapper" en kan ook na 'n menslike boodskapper verwys, soos die Bybel dit ook gebruik. As ons egter aan 'n "engel" dink, **dink ons aan 'n wese met die volgende eienskappe**:

Persoonlikheid	Engele is unieke individue, elk met 'n naam en kenmerkende persoonlikheid. Hulle is nie net anonieme geestesverskynsels nie, maar lewende siele, "persone" met emosie (Luk 2:13-14), wil (1Pet1:12) en rede (Dan 9:22-23). Engele bly slegs individue – hulle het nie 'n volk of kultuur nie en word nie meer nie, volgens die inligting wat die Bybel bied.
Geestelikheid	Engele is egter geestelike wesens. Hulle is "vorm sonder materie" (*Maimonides*). Dit is beter om te sê dat hulle geestelike liggame het as om te sê dat hulle ligaamloos is. As sulks (Luk 20:35-36): • word engele nie ouer nie en sterf nie – hulle leef dus vir ewig • is engele geslagsloos, het geen behoefte aan verhoudings nie en trou nie. Die geestelike liggaam het die vermoë om 'n fisieke vorm aan te neem en engele "materialiseer" as hulle taak dit vereis. In hierdie vorm word hulle gewoonweg waargeneem, tree hulle heeltemal fisiek op en kan (soos die verheerlikte Jesus – Luk 24:42-43) bv. ook saameet (Gen 18:8, 19:3; Heb13:2). Om van die fisieke liggaam na die geestelike liggaam terug te gaan is nie 'n probleem nie. Dalk is die probleem nie dat die engele nie fisiek verskyn nie, maar dat ons fisieke oë nie in staat is om hulle te sien nie, tensy die Here dit vir ons open (2Kon 617). Die fisieke bestaan is ondergeskik aan die geestelike bestaan, volgens die Skrif – ons gaan ook 'n geestelike liggaam ontvang (1Kor 15:44) en soos die engele wees.

© 2010 Jimi le Roux ● **www.jimileroux.com** ● Kopiereg voorbehou – geen duplisering toegelaat nie.

Geskapenheid	Engele is elk deur God geskape, voor Hy die mense geskape het. Alhoewel hulle "seuns van God" genoem word (Gen 6:2-4, Job 38:7) – om hulle goddelike aard aan te dui – is hulle nie "uit God gebore nie", maar deur Hom gemaak. Hulle is nie net soos God nie; hulle is minder as God, maar meer soos God as wat ons is. Hulle is skepsels (Kol 1:16, Heb 1:5).
Heerlikheid	Engele is soos God in die sin dat hulle sy heerlikheid deel. Engele is geestelik soos God geestelik is en hulle woon by Hom in die hemel. In die Skrif word hulle dikwels "heilige engele" genoem (Mat 25:31, Luk 9:26, Openb 14:10), want hulle dien in God se heiligdom, deel sommige van sy heilige eienskappe en is afgesonder om vir Hom diens te doen. Die kenmerk van engele is hulle reinheid en hulle wit klere, wat soms waargeneem word, is daarvan 'n simbool.
Magtigheid	Engele se vermoëns oortref ons fisieke vermoëns by verre. • Engele is intelligent en het insig in die toekoms en in goddelike dinge (Sag 1:9, Openb 22:6). Hulle verstaan hoe God die wêreld gemaak het, maar het nie alle kennis nie (Mat 24:36). • Engele is sterk (Ps 103:20, 2Pet 2:11) en doen kragwerke in ons fisieke wêreld (Hand 12:6-8). Hulle laat boeie afval, bring die vyand om (Jes 37:36) of gaan staan in 'n donkie se pad (Num 22:22-27)! Hulle vlieg of sweef waar hulle wil wees (Dan 9:21, Op 14:6) – dis asof hulle ons fisika ophef. Hulle is vegters en oorwin die Bose (Dan 10:13, Mat 26:53) – die engele word God se leërskare genoem (1 Kon 22:19).
Vryheid	Engele is gehoorsaam aan God (Ps 103:20, Mat 4:6), maar hulle is, soos mense, vrye morele agente en dien die Here omdat hulle wil, nie omdat hulle onder dwang is nie. Die Bybel leer dat 'n aantal engele teen God gekies het, en deur Hom uitgedryf is (Luk 10:18, 2 Pet 2:4, Jud 1:6, Openb 12:9).

1.3 Hoe lyk 'n engel?

Engele is geestelike wesens en het nie 'n fisieke vorm nie. **As 'n engel fisiek verskyn lyk hy soos 'n mens** *(en ons gebruik die voornaamwoord "hy" in 'n algemene, nie-geslagtelike sin)*. Soms sien mense ook engele in hulle heerlikheid, m.a.w. in menslike gedaante maar skitterend of met skynende wit klere (Mat 28:3,Luk 24:4/Joh 20:12, Hand 1:10, Openb 15:6). Die voorkoms van engele vandag is (volgens getuienis) OF soos 'n doodgewone mens wat iewers ingegryp het, OF wit, wasig en vlietend OF baie groot. Wat egter nie Bybelse gegewens is nie, is die gedagte

- dat **engele vlerke het**. Dit is 'n afleiding uit die feit dat die Bybel sê engele vlieg, en die gegewens oor serafs en gerubs (sien volgende keer). Dit is 'n romantiese gedagte wat in die kerklike kuns posgevat het. Kerkvaders het die uitbeelding van engele met vlerke gesien as suiwer simbolies om aan te dui dat hulle van 'n hoër orde is as mense – of soos sommige gesê het, meer subliem.
- dat **"gerubs" klein baba-engeltjies is**. Die gedagte van mollige, kaal engeltjies is oorgeneem uit die heidendom, en het doodgewoon op oulikheidwaarde plek gekry in die kerklike kuns. Daar was ook 'n geloof dat kinders wat vroeg gesterf het, sulke engeltjies sou word. Nêrens is daar egter 'n lering in die Bybel dat mense in engele verander nie. Volgende keer sal ons die gerubs bespreek.
- dat **engele 'n geslag het** – dis seker moeilik vir ons om 'n menslike figuur geslagloos voor te stel en daarom sien ons engele dikwels in die kuns en in die verbeelding as manlik of vroulik. In die Bybel verskyn engele as mans, blyk dit, en ons kan dit waarskynlik verstaan in die kultuurkonteks van die tyd. Slegs mans kon opdragte gee, in 'n oorlog veg of as gesagsvolle verteenwoordigers optree.

© 2010 Jimi le Roux ● **www.jimileroux.com** ● Kopiereg voorbehou – geen duplisering toegelaat nie.

1.4 Hoeveel engele is daar?

Volgens die Bybel is daar **miljoene en miljoene engele** (Dan 7:10):

'n Stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan.

Die bedoeling van Daniël se woorde is doodgewoon om 'n ontelbare hoeveelheid aan te dui, alhoewel die som van sy laaste stelling omtrent op 'n duisend miljoen te staan kom (as ons die meervoude in ag neem)! Hoe wonderlik is dit nie dat God elkeen uniek gemaak het, en persoonlik ken nie?

1.5 Slot

Engele is magtige en intelligente wesens. Hulle is persoonlikhede met insig en kennis, hulle is bly of kwaad en hulle sing... (Luk 2:13-14, Job 38:7). Engele vrees niks, want hulle het niks om te vrees nie. Hulle vrees alleen God, in die sin dat hulle Hom eer en dien. Hulle bestaan is om Hom te dien.

Die engele is 'n realiteit en die engele is om ons!

Volgende keer sal ons deel oor die soorte en groepe engele volgens die Skrif.

Kleingroep Bedieningsvoorstel

1) Laat die lede hulle oë toemaak en lees Daniël se troonvisioen uit Dan 7:9-14.
2) Noem dat ons vir 'n aantal weke oor die interessante tema van engele sal deel.
3) Bespreek die volgende aan die hand van die toepaslike Skrifgedeeltes.
   - die eienskappe van engele
   - die voorkoms van engele
   - die aantal engele
4) Vra of die groeplede van ervarings met engele kan vertel.
5) Sluit die aand af met dank en verwondering aan God oor die talle geheimenisse van sy skepping waarvan ons nog so min weet.

NEEM ASB. KENNIS VAN ONS BELEID I.V.M. DIE GEBRUIK VAN ONS KURSUSSE IN DIE KLEINGROEP.
MEER INLIGTING IS OP ONS WEBRUIMTE.

© 2010 Jimi le Roux ● **www.jimileroux.com** ● Kopiereg voorbehou – geen duplisering toegelaat nie.